

## Nuwe Lied Bediening



*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!**

### Parashah 44: D'varim – Woorde.

*Hierdie is die woorde waarmee Mosheh met die hele Yisra'el gepraat het, oorkant die Yarden, in die wildernis, in die vlakte oorkant Suf, tussen Pa'ran, Tofel, Lavan, Hazerot en Di-Zahav. Deut. 1:1 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Deut. 1:1 tot 3:22.

**Haftorah:** Jes. 1:1 tot 27.

**Nuwe Verbond:** 1Kor. 6:1 tot 5; 1Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9; Efes. 2:20; 4:11 tot 14; Hand. 7:38 tot 45; Hand. 13:17 en 18; Hebr. 3:7 tot 4:11; Luk. 9:1; Luk. 10:19; Rom. 8:37; 2Kor. 10:3 tot 5; Efes. 6:10 tot 18; Jak. 4:7; 2Tim. 1:7; 1 Joh. 4:18.

Vorige notas vir Parashah 44 kan afgelaai word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*Discernment is not knowing the difference between right and wrong. It is knowing the difference between right and almost right – Spurgeon.*

*If you are under the dominion of sin, you are yet an utter stranger to the salvation of God – Catherine Booth.*

*Give me one hundred preachers who fear nothing but sin, and desire nothing but God, and I care not a straw whether they be clergymen or laymen; such alone will shake the gates of hell and set up the kingdom of heaven on Earth – John Wesley*

*Catch on fire and others will love to come and watch you burn – John Wesley.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

*We are very good Lawyers for our mistakes and very good Judges for other's mistakes –  
Anonymous.*

## Torah Bespreking

### Hersiening

Een van die laaste en belangrikste opdragte in die boek van B'midbar (Numeri) vind ons in Num. 35:34 waar Mosheh skryf: “moenie die land waar julle in bly, vuil maak nie omdat Ek daarin bly, want Ek, יהוה, bly tussen die seuns van Yisra'el.”

Deur die priesterorde, tabernakel en offerandes het Yisra'el geleer wat vereis word sodat יהוה in hulle midde kon woon en hulle Sy voorsiening en beskerming deelagtig kon wees.

Dit was, en is steeds, יהוה se begeerte om in die midde van Sy kinders te woon. So was die tuin van Eden “die land” waarin יהוה saam met die mens tot en met die sondeval gebly het. Later is die tuin van Eden met die tabernakel, en uiteindelik met die tempel, vervang waar יהוה weer in die midde van Sy volk gewoon het.

En dan leer ons in die boek van Openbaring dat in die nuwe Yerushalayim sal daar geen tempel wees nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel (Open. 21:22). Maar tot dan in die dispensasie van die nuwe verbond woon יהוה deur Sy Gees in elkeen wat vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een van God. Elke gelowige is die tempel van God (1Kor. 3:16; 1Kor. 6:19) en daarom is die opdrag in Num. 35:34 steeds op ons van toepassing, naamlik: “moenie jou liggaam vuil maak nie omdat Ek daarin bly!”

Die betekenis hiervan is dat ons met wedergeboorte deur die bloed van Yeshua met God versoen is (Rom. 3:24-25) en deur die bloed van Yeshua gereinig is (1Joh. 1:7). Daarom moet ons sorg dat ons nie ons liggaam (verstand, wil en emosie) weer vuil (onrein; Hebreeus: *tamay*) maak nie! Indien ons vanaf wedergeboorte met die hulp van die Afgesonderde Gees in gehoorsaamheid volgens יהוה se Torah lewe, word ons deur die bloed van Yeshua afgesonder (Heb. 13:12).

## Torah Bespreking

Die vyfde, en laaste boek van Mosheh, naamlik D'varim (*hierdie is die woorde*) en in die Grieks bekend as Deuteronomium (*die herhaling van die wet* of letterlik *die tweede wet*) is grootliks 'n herhaling (hersiening) van al יהוה se onderrig en instruksies (die Torah) soos deur Mosheh aan die volk oorgedra was, hoewel dit ook nuwe onderrig en instruksies bevat.

D'varim kan ook as Mosheh se afskeidstoespraak beskou word voordat hy sou sterf en die volk onder die leiding van Y'hoshua die Beloofde Land in besit sou neem. Die kern van Mosheh se laaste toespraak aan Yisra'el vind ons Deut. 4:39-40:

**39** Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie.

**40** Jy sal daarom Sy reëls en Sy wette hou, wat ek jou vandag beveel sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy lank mag leef in die land wat יהוה, jou God, vir jou gee, vir alle tye.”

D'varim is ook 'n opsomming van alles wat met Yisra'el gebeur het sedert hulle bevryding van die slawejuk van Mitzrayim en tydens hul swerftog in die wildernis. Die generasie wat op

die punt staan om die Beloofde Land in te gaan, word herinner aan hulle eie en aan hulle ouers se rebellie en wantroue en word daaraan herinner om nie dieselfde foute te begaan nie.

In vele opsigte kan ons ook vandag met Yisra'el van ouds identifiseer, want ons het ook op die punt gekom van die naderende einde van יהוה se tydperk van onverdiende guns voordat die ware Yisra'el die Beloofde Koninkryk van die Hemele in besit sal neem om hier op aarde saam met Yeshua te heers. Daarom herinner Sha'ul ons daaraan in 1Kor. 10:1-11 om nie יהוה te versoek soos Yisra'el gedoen het nie!

Yisra'el moes die Beloofde land in besit gaan neem deur die vyande van יהוה wat in Kanaän woon te oorwin. יהוה het die Beloofde Land aan hulle gegee volgens die belofte aan hulle vader Avraham, Yitz'gak en Ya'acov (Gen. 15:18 tot 21), maar dit het 'n handeling van vertroue en gehoorsaamheid van Yisra'el vereis om dit in besit te neem!

Ons leef ook in die tyd waar die woorde van Yeshua soos opgeteken is in Matt. 11:12 meer as ooit voorheen van toepassing is:

Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld. Matt. 11:12 (1953 vertaling).

Ons ywer om die koninkryk van die hemele in besit te neem moet soos die van 'n geweldenaar wees – soos met die ywer van 'n Pingas (Parashah 41). Maar wie meen dat hy staan moet oppas dat hy nie val nie (1 Kor.10:12)! Want Yeshua het ook gesê:

21 Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.

22 Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige dae gedoen nie?'

23 Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' Matt. 7:21 tot 23.

Vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een tot versoening met יהוה en gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua volbring is, is die pad tot oorwinning en die smal weg na die koninkryk van die hemele! Ons sal alleenlik oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis! Maar dit sal die vreeslose ywer van 'n Pingas van elkeen vereis!

Mosheh se laaste woorde aan Yisra'el kan ook opgesom word in die woorde van die Prediker:

13 Laat ons die bevinding van die hele saak hoor: "Vrees God respekvul en doen Sy opdragte, wat gegee is deur Een Meester aan elke mens,

14 want God sal elke daad tot oordeel bring, aangaande alles wat weggesteek en bekend is, of dit goed is of boos." Prediker 12:13-14.

### **Deut. 1:36 tot 46 – Gehoorsaamheid Wat Uitgestel Word**

En יהוה het vir my gesê: 'Sê vir hulle: Moenie optrek of veg nie, want Ek is nie tussen julle nie, anders sal julle voor julle vyande verslaan word.' Deut. 1:42.

Gehoorsaamheid wat uitgestel word is ongehoorsaamheid!! Dit is die les wat Yisra'el geleer het nadat hulle berou gekry het oor hulle ongehoorsaamheid om nie Kena'an in besit te wil

gaan neem nie. Nadat Mosheh hulle bevel gegee het dat hulle moet omdraai en na die woestyn trek, het hulle egter geantwoord: *Ons het teen יהוה gesondig; ons sal opgaan en gaan veg, net soos יהוה, ons God, ons beveel het* (Deut. 1:41). Maar God het egter geantwoord: *Sê vir hulle: Moenie optrek of veg nie, want Ek is nie tussen julle nie, anders sal julle voor julle vyande verslaan word.* (Deut. 1:42).

Dan lees ons in Deut. 1:43-45 wat Mosheh hulle aan herinner het:

43 So het ek met julle gepraat, tog het julle nie geluister nie, maar julle het teen die opdrag van יהוה gerebelleer en verwaand in die bergland opgetrek

44 en die Emoriete wat in dié bergland gebly het, het uitgetrek teen julle en julle gejaag soos bye en julle aan stukke geslaan van Se'ir tot by Hormah.

45 Julle het teruggekom en voor יהוה gehuil, maar יהוה wou nie na julle stem luister nie en het geen gehoor aan julle gegee nie.

Yisra'el wou op hulle manier sondevergifnis ontvang deur te probeer om dit reg te maak wat hulle verkeerd gedoen het. Dit is egter יהוה-God wat sonde vergewe en ons kan nie met Hom daarvoor onderhandel nie.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Het ons ook al soos Yisra'el opgetree wanneer ons berou gekry het oor ons sondes? Onthou: Vader-God is te alle tye die Oppergesag – selfs in tye van sondeberou. Ons moet te alle tye dinge volgens יהוה se manier doen! Ons ontvang altyd vergifnis indien ons met opregte berou ons sondes bely, maar dikwels moet ons steeds die gevolge van ons sondes dra. Dit wat ons gesaai het, moet ons oes! Beteken dit dat Vader-God ons aan ons lot oorlaat wanneer ons 'n sonde-oes moet afhaal?

## **Haftorah Bespreking (Jes. 1:1 tot 27)**

### **Wat Het Verander?**

Die boek van Yesha'yahu bevat die visioene wat hy gesien het met betrekking tot Y'udah en Yerushalayim. In die openingswoorde (Jes. 1:2) bestraf Yesha'yahu die huis van Y'udah:

Luister, o hemele en luister, o aarde, want יהוה praat: “Ek het seuns groot gemaak en tot groot hoogtes gebring, maar hulle het teen My in opstand gekom.”

In die lig hiervan, en van die Haftorahskriflesing, kan ons die volgende vraag vra: Is daar 'n verskil in die geestelike toestand van Y'udah (Yisra'el) van ouds en die hedendaagse Christendom, met spesifieke verwysing na ons eie volk en land se geestelike en sedelike toestand? Om hierdie vraag te beantwoord moet ons eers duidelikheid oor die volgende kry:

- ❖ Het יהוה se maatstaf (skietlood) van Sy onpartydige opregtheid verander?
- ❖ Vereis יהוה steeds gehoorsaamheid aan Sy Torah?
- ❖ Het die definisie van sonde ooit verander en verstaan die Christendom wat יהוה se definisie van sonde is?

Met bogenoemde in gedagte kan die vergelyking tussen Y'udah van ouds en die hedendaagse Christendom en samelewing getref word.

Volgens Jes. 1:2 het die huis van Y'hudah teen יהוה in opstand gekom, naamlik om te rebelleer! Dit herinner ons aan wat Sh'mu'el aan Saul gesê het toe hy nie יהוה se opdragte uitgevoer het nie, naamlik dat rebellie soos die sonde van waarsêery is en dat opstandigheid soos oortredings en afgodery is (1 Sam. 15:23).

Om teen יהוה te rebelleer is dus ongehoorsaamheid aan Sy Torah! Volgens Deut. 18:19 is die Torah van יהוה vervat in Yeshua, die Lewende Torah – die woord wat vlees geword het (Joh. 1:1). Die Christendom verwerp egter יהוה se Torah omrede hulle glo hulle is vry van die wet. Inderwaarheid verwerp hulle dan vir Yeshua. Dit is waaraan Rabbynse Y'hudahïsme ook skuldig is! Hoewel hulle יהוה se Torah onderhou, verwerp hulle Yeshua!

Daarom is beide die Christendom en Rabbynse Y'hudahïsme skuldig aan rebellie teen יהוה-God en die profetiese waarskuwing van Yesha'yahu is dus op beide van toepassing!!

In die Haftorahskriflesing word die geestelike en morele toestand van die huis van Y'hudah met die van Sodom en Gomorra gelykgestel (Jes. 1:9-10) en was hoofsaaklik seksuele sonde en afgodery. Vandag word verskeie seksuele sondes, soos homoseksualiteit, deur die Christendom beskou as “seksuele oriëntering” wat geduld word, en is afgodery, soos ondermeer Kersfees en “Easter”, aanvaarbaar!

Volgens Jes. 1:23 het selfs die gesagsowerhede teen יהוה gerebelleer. Ons land is ook hieraan skuldig, want nêrens vind ons politieke en regeringsleiers wat volgens יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, regeer nie. In die verband sê Yesha'yahu ook:

Hoe het die getroue stad 'n hoer geword! Sy was vol regverdige oordeel! Onpartydige opregtheid het eens in haar gewoon, maar nou moordenaars! (Jes. 1:21).

Yerushalayim, die setel van ware aanbidding en die stad van God, het tot geestelike hoerery verval. Hierdie is 'n sinnebeeld van die bruid van Yeshua wat ontroou geword het. Y'hudah het nou 'n vesting van Babilon geword. In die verband lees ons ondermeer in Open. 18:4-5 die volgende waarskuwing:

4 Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie,  
5 want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep

Hierdie opdrag het nie verander nie!! Die volk het nou moordenaars geword – mense wat reg en geregtigheid minag en die wese, die arme en die weduwee vergeet het. Hierdie aanklag is steeds geldig teen ons as land en volk!

Die Huis van Y'hudah het יהוה met die lippe gedien, maar hulle hart was ver van Hom (Jes. 29:13; Matt. 15:8). Hierdie, asook die woorde van die profeet in Jes. 1:13-15 is ook op die Christendom van toepassing:

13 Moenie langer julle waardelose offergawes bring nie; wierook is 'n gruwel vir My. Nuwemaan en Shabbat, die uitroep van byeenkomste; Ek kan nie oortredinge saam met die ernstige byeenkomste verdra nie!  
14 Ek haat julle Nuwemaanfeeste en julle aangestelde feestye; hulle het vir My 'n las geword; Ek is moeg om dit te dra.  
15 Wanneer julle jul hande uitsprei, sal Ek My oë vir julle toemaak; ja, selfs al vermenigvuldig julle gebede, Ek sal nie luister nie. Julle hande is oortrek met bloed.

In Jes. 1:3 lees ons:

Selfs 'n os ken sy weiplek en 'n donkie die krip van sy meester, maar Yisra'el ken nie een van die twee nie en My volk verstaan nie wat dit beteken nie

Yisra'el het so afvallig geword dat hulle nie meer kennis van יהוה het nie en Hom ook nie herken nie! Rebelleie veroorsaak dat die stem van יהוה nie meer gehoor of herken word nie. Indien die Christendom nog יהוה se stem sou herken en daarna sou luister, sou hulle Torahgehoorsaam wees!

Yeshua is die Goeie Herder en Sy skape ken Sy stem (Joh. 10:2 tot 11). Ongehoorsaamheid veroorsaak dat die mens die natuur van 'n redelose dier aanneem (2Pet. 2:12; Judas 1:10). Yisra'el se ongehoorsaamheid aan יהוה se Torah het hulle verstrooiing meegebring en dat hulle deur die ongediertes (die volke) 'verskeur' is (Verwys Deut. 7:22; Jer. 12:9; Jer. 27:6; Jes. 56:9; Eseg. 34:5 en Hos. 2:12).

Die Christendom, en ons as volk, is in dieselfde situasie! Ons word ook aangeval deur die 'ongediertes' van ondermeer Islam en immoraliteit! Ons word ook 'verskeur' deur afgodery, dwaalleringe en gebrek aan kennis van יהוה! Verwys Hos. 4:6 en Jes. 5:13.

So lees ons in Jes. 1:4.

Wee 'n sondige nasie; 'n volk neergedruk met skuld, nageslag van wetteloses, seuns wat korrup optree! Julle het יהוה verlaat. Julle het die Afgesonderde van Yisra'el verag, julle het van Hom af weggedraai.

Die Hebreus vir *nasie* is *goy* en beteken 'n vreemde nasie en dus 'n heidense volk en word hoofsaaklik vir ander volke gebruik. Hierdie is egter een van verskeie teksverse waar na Yisra'el verwys word as 'n vreemde heidenvolk. Die rede is dat Yisra'el so afvallig geword het dat יהוה hulle nie meer as Sy uitverkore volk beskou nie.

Sonde is wetteloosheid en dus die oortreding van יהוה se Torah (1 Joh. 3:4). Die huis van Y'hudah se wetteloosheid was sodanig dat hulle vergelyk word met die heidenvolke! Hulle het יהוה verlaat en die Afgesonderde van Yisra'el verag deur van Hom af weg te draai!

Die profeet Yirmeyahu stel dit soos volg (Jer. 2:27)

want hulle het hulle rug na My toe gedraai en nie die gesig nie, maar in die tyd van hulle moeilikheid sal hulle sê: 'Staan op en red ons!'

Laasgenoemde is 'n raak beskrywing van die Christendom en van ons as volk in hierdie land! Hulle wil nie volgens יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, lewe nie, maar in tye van benoudhede verwag hulle van God om hulle gebede te verhoor en hulle te red!

Het die Christendom die woorde in Spr. 28:9 vergeet?

Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet te luister en dit te doen nie, selfs sy gebed is 'n verwerplikheid.

Yesha'yahu vra dan ook:

<sup>5</sup> Waar sal julle nog geslaan word, aangesien julle voortgaan in rebelleie? Die hele kop is siek en die hele binneste is swak.

<sup>6</sup> Vanaf die voetsool tot die kop is daar niks reg nie, net kneusplekke, opswellings en rou wonde; nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie. Jes. 1:5-6.



Hierdie woorde is ook van toepassing op die Christendom! Daar is nie 'n verskil tussen diegene wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is en die ongelowiges nie! Daarom is dinge soos egskeiding, siektes, aborsies, immoraliteit, verslawing, en dergelike dinge eweveel waarneembaar by Christene as by ongelowiges. Dikwels lê die probleem by Christenleierskap wat Torah verwerp en lidmate so leer – *die hele kop is siek* en daarom is die binneste (die “kerk”) swak.

In Jes. 1:7 lees ons ook:

Julle land is verlate, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid; dit is 'n verlatenheid asof deur vreemdes vernietig.

Die lande wat voorheen as Christenlande beskou was, insluitend Suid Afrika, word oorspoel deur Islam en ongelowige immigrante. Die vastrapplek wat Islam selfs in die ‘kerk’ besig is om te verkry, bekend as Chrislam, bevestig hierdie profetiese woorde van Yesha'yahu.

Dit is derhalwe glashelder dat niks sedert die dae van Yesha'yahu verander het nie. Sy profetiese woorde is ook vandag op die Christendom en op ons land van toepassing. Maar Vader-God gee ook die uitkoms soos Yesha'yahu gespreek het:

16 Was julleself, maak julleself skoon; verwyder die boosheid van julle dade uit My sig. Hou op om boos te doen,

17 leer om goed te doen; soek regverdigde oordeel, bestraf die gewetenlose, verdedig die weeskinders, verdedig die saak van die weduwee.

18 Kom nou en laat ons saam redeneer, sê יהוה: ‘Alhoewel julle sondes soos skarlaken is, sal dit so wit wees soos sneeu; alhoewel hulle so rooi is soos karmosyn, sal dit wees soos wol. Jes. 1:16-18.

Ons elkeen het die keuse om ons te bekeer en terug te keer na ‘n Torahgehoorsame lewe volgens יהוה se onpartydige opregtheid in Yeshua, dié Gesalfde Een. Elkeen moet egter ook die gevolge van volgehoue rebellie besef, naamlik:

19 As julle inwillig en gehoorsaam, sal julle die beste van die land eet,

20 maar as julle weier en rebelleer, sal julle deur die swaard verteer word. Waarlik, die mond van יהוה het gepraat. Jes. 1:19-20.

יהוה, ons Vader-God, stel ons voor die keuse van lewe en dood, en Hy sê aan elkeen van ons: Kies lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe (Deut. 30:19-20)!!

19 Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,

20 deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.”

Maar die vraag is egter of die Christendom in hierdie land, en elders in die wêreld, besef dat Yesha'yahu se woorde steeds vandag net so geldig is as in die dae van die huis van Y'hudah voor hulle in ballingskap weggevoer sou word? Indien ons inwillig en gehoorsaam sal wees aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua volbring is en in die nuwe verbond uiteengesit word, sal ons die beste van die land eet! Maar as ons weier en voortgaan om teen יהוה te rebelleer sal beide Rabbynse Y'hudahïsme en die Christendom deur die swaard verteer word!!

## Bepeins of Bespreek

1. Het die huis van Y'hudah (Yisra'el) geweet en besef dat hulle in ongehoorsaamheid aan Torah geleef het? Was hulle doelbewus rebels of het hulle, soos die Christendom vandag, oortuig gewees dat hulle God in Gees en waarheid dien? Onthou: Goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!!
2. Lees Jer. 6:16. Is dit die boodskap wat jy deur woord en daad aan jou geliefdes en vriende probeer tuisbring, naamlik keer terug na die ou paaie van Torahgehoorsaamheid?
3. Onthou: *Repentance is a theological term for turning back to the original software designed by the original Programmer* (Paul McGuire). Is jy 'geprogrammeer' met יהוה se 'Torah-sagteware'?

*Cheap grace is the theology that expects the benefits of grace without the sacrifice of obedience – Bonhoeffer.*

4. Ons moet verstaan wat is afgodery en derhalwe ook godsdiens, naamlik die behoefte aan 'n god en om dan 'n god te skep en te besluit wat die naam van die god is, wat sy hoedanighede (eienskappe; kenmerke; karakter; vermoë) is en hoe die verhouding met hierdie god moet wees. Dikwels word sekere hoedanighede van יהוה-God aan hierdie afgod(e) gegee. Onthou: Torah beskryf die hoedanighede (Karakter en Outoriteit) van יהוה. Daarom: Om Torah, of enige deel daarvan te verwerp, is om 'n afgod te maak wat slegs sekere van יהוה se hoedanighede bevat. Wat is die maatstaf of jy יהוה of 'n afgod dien? Kyk na watter van die 10 gebooie jy onderhou – al tien of net nege!! Onthou: die tien gebooie is die **tien woorde** (*asarah dabar*) van יהוה (Ex. 34:28; Deut. 4:13 en Deut. 10:14) en is die basis (opsomming) van die hele Torah (van al die woorde van יהוה).

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*